

Sing vooraf staande: Psalm 66:6, 7 (p. 321)

- 6 Ek sal, verlos uit doodsgevaar, / nou dat ek weer kan asemhaal,
my offers bring op u altare / en my geloftes U betaal.
Ek sal laat opgaan in die vlamme / die vetste vee uit veld en wei;
ek sal by rookwerk van die ramme / ook beeste en bokke toeberei.
- 7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.
Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 107:1, 2, 4 (p. 533)

- 1 Loof God, omdat Hy goed is, / en goed is sonder end!
Meld dit, al wie behoed is, / verlos is uit ellend;
wat God uit elke land / in vryheid weer herstel het,
vry van die slaweband, / waarmee hul hom geknel het.
- 2 In woesteny verlore, / was daar vir hul geen pad
wat hul langs regte spore / kon heenlei na 'n stad.
Gebrek aan drank en brood / sou hulle laat versmag het
as God nie in hul nood / op hul geroep geag het.
- 4 Hy het hul matte skrede / gelei op regte baan
om tot bewoonde stede / met blydschap in te gaan;
met kostelike goed / het Hy hul begenadig,
met brood hul daar gevoed, / met water hul versadig.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Skrifberyming 9-1:1, 10, 11 (26:1, 10, 11)

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee,
deur wolke en donkerheid omswee, / sy wet op Horeb het gegee:
- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade is al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Gebed

Psalm 26:1, 2, 7 (p. 121)

- 1 O HEER, doen aan my reg! / Ek wandel as u kneg
en wil opreg met U verkeer. / Op U alleen vertrou ek;
op U, my Rotssteen, bou ek, / ek sal nie wankel, troue HEER!
- 2 Beproof my van omhoog, / deurstraal my met u oog;
want op u guns verlaat ek my. / Deurgrond al my verlange
en toets my in my gange, / want dis u waarheid wat my lei.

- 7 My God, doen aan my reg! / Ek wandel in u weg.
Verlos my, hoor my smeking aan! / U liefde en lof verklank ek,
in u vergaarding dank ek, / U het vir my die pad gebaan.

Skriflesing: Levitikus 5:14-6:7; Jesaja 53 en Matteus 5:23-24

Kernverse: Levitikus 5:15-16

Wanneer iemand sonder opset troueloos handel en teen die heilige dinge van die Here sondig, bring hy vir die Here as skuldoffer 'n ram sonder liggaamsgebrek uit die kleinveetrop. Die waarde van die ram as skuldoffer word in silwer bereken volgens die standaardgewig van die heiligdom. As die waarde te min is, betaal die persoon in wat hy nog aan die heiligdom verskuldig is, en voeg nog een vyfde by en gee dit aan die priester. Die priester doen vir die persoon versoening met die ram as skuldoffer, en sy sonde word hom vergewe.

(Levitikus 5:15-16 AFR 1983)

Tema: Sonde is skuld wat betaal en vergoed moet word

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, genade is vir seker een ding waarsonder niemand van ons kan klaarkom nie. Dink net hoe sou dit met ons gegaan het as die Here ons God nie genade aan ons bewys het nie. Dink net wat sou van ons geword het, as Hy met die mens gedoen het wat die mens verdien het. Daar sou nie meer 'n mens op aarde gewees het nie. As die Here ons moes behandel het ooreenkomstig ons oortredings teenoor Hom, moes Hy ons almal verlore laat gaan het.

Dat ons vandag kan bly lewe, is net genade. Dat ons kan hoor dat die Here ons sondes vergewe sonder dat ons iets gegee of betaal het vir die skuld, is net genade. As ons dan vir onself moet sê wat genade is, sal ons sê dit is om iets te kry wat ons glad nie verdien het nie. Van die Here kry ons nog tyd om te lewe, genadetyd. Hy vergewe ons sondes uit genade. En as Hy ons sondes vergewe, behandel Hy ons asof ons nooit enige sonde gedoen of gehad het nie. Dit is GENADE in hoofletters.

Die vraag waarvoor die Heilige Gees ons vanoggend stel, is: Wat doen hierdie genade van Here aan ons? Het daar al 'n verandering in ons lewens gekom? Of is dit wat ons verniet kry vir ons waardeloos? Maak ons God se genade aan ons goedkoop omdat ons dit verniet kry. Ons maak die Here se genade goedkoop wanneer ons baie vinnig sê: Dankie, Here, dat U ons vergewe het, maar ons lewens bewys nie dat ons dankbaar is nie, want ons gaan maar net aan soos voor die vergifnis. Met die sondeoffer het die Heilige Gees ons geleer dat die Here versoening wil gee aan almal. Niemand moet ooit dink dat hy of sy nie vergifnis van sy sonde by die Here kan kry nie. Met die skuldoffer leer die Heilige Gees ons dat ons nie die fout moet maak om te dink dat God se genade goedkoop is nie.

Wat die skuldoffer self betref, broers, susters en kinders, was dit in 'n groot mate dieselfde as die sondeoffer. Uit die kleinveetrop moet die gelowige 'n ram sonder liggaamsgebrek bring. En op dieselfde manier as wat daar met die sondeoffer gedoen word, moet daar met hierdie ram wat die skuldoffer is, gedoen word. Maar anders as by die sondeoffer moet die ram van die skuldoffer van 'n sekere waarde, in silwer gemeet, wees. Dit is egter nie vir ons duidelik wat hierdie waarde was nie, maar Moses en die Israeliete het presies geweet, alhoewel dit nie vir ons hier neergeskryf is nie. Indien die waarde van die dier te min is, moet die verskil deur die gelowige betaal word. Daarmee saam moet hy nog 'n vyfde van die dier se waarde, dit wil sê 20%, ekstra betaal.

As die oortreding net teenoor die Here was, word die ram, die moontlike verskil in waarde en 20% van die skuldoffer se waarde ekstra by die tent van ontmoeting aan die priesters gegee. Indien die

gelowige troueloos teenoor die Here opgetree het deur teenoor sy naaste te sondig, betaal hy eers sy naaste alles terug wat hy hom skuld plus 20% en dan eers kan hy die ram as skuldoffer na die tent van ontmoeting bring. Die priester doen dan versoening vir die gelowige deur die niere, die vet en die punt van die lewer van die ram op die altaar te verbrand en die Here vergewe die gelowige se sonde.

Geliefdes, dit is belangrik om raak te sien dat die Heilige Gees vir ons sê as ons teenoor die Here oortree of teenoor ons naaste oneerlik optree, handel ons troueloos teenoor die Here. In die ou vertaling word gesê dat 'n mens ontrou optree. Selfs wanneer 'n mens sonder opset troueloos handel teenoor die Here, breek 'n mens die vertroue. En 'n verhouding waarin daar nie meer vertroue is nie, dreig om tot niet te gaan, want jy is nie meer betroubaar nie. Ons verhouding en optrede teenoor ons naaste staan nooit los en afgesonder van ons verhouding met die Here nie.

Maar nou kan 'n mens nie sommer maar net jou sonde teenoor jou naaste voor die Here bely en dink daarmee is die saak afgehandel nie. Die gelowige Israeliet kon nie maar net die ram as skuldoffer bring sonder om die saak met sy naaste ook uit te klaar nie. Om jou naaste om vergifnis te vra, is net so belangrik as om by die Here jou sonde te bely. Die skuld kan nie by die Here vereffen word, as die skuld by jou naaste nie eers vereffen is nie. Tog kan 'n mens ook nie net vergifnis by jou naaste vra en dink daarmee is die saak afgehandel nie. Jou oneerlikheid teenoor jou naaste was nie net 'n sonde teen hom nie, maar ook sonde teen die Here, daarom moet die Israeliet ook sy skuldoffer vir die Here bring.

Wanneer daar teenoor 'n medemens oortree is, was die terugbetaling van alles plus die 20% ekstra die waarde om die verhouding weer te herstel soos vroeër. Maar hierdie terugbetaling van alles plus die 20% was ook 'n toets of die skuldige een opreg is met sy berou en belydenis. Om jammer te sê, is maklik en die bloed van diere vloei ook maklik. Nie die woorde of die bloed wys die ware bedoeling van die skuldige persoon se hart nie. Maar die terugbetaling van alles plus 20% sou wys hoe ernstig die skuldige persoon is om die sake weer reg te stel.

Ons sal dadelik sê: Maar dit is mos nou ware geregtigheid. Juis in hierdie dae waarin ons so dikwels onder rowers en booswigte deurloop, is dit hierdie soort geregtigheid wat ons nodig het. Dink net, om alles terug te kry wat jy deur bedrog of diefstal verloor het plus nog 20% van die waarde daarvan. Met so iets sal 'n mens mos kan saamleef. Dit is alles waar, geliefdes, want dit is wat die Here bepaal het moet gebeur. Maar dit kan tog nie al wees wat die Heilige Gees ons hier leer nie. Kom ons luister verder.

Die Here begin praat oor die heilige dinge van die Here. Natuurlik was die gereedskap en alles by die tent van ontmoeting heilige dinge. So ook was die dele van die offers wat die priesters toegekom het ook heilige dinge. Dit het dus gegaan oor God se regte. Wat aan die Here behoort is heilig en moet ook so hanteer word. In vandag se samelewing is daar vir mense maar min dinge wat heilig is. Die moderne mens met sy oënskynlike wysheid wil alles sinies en krities ondersoek en uitmekaartrek. Die Bybel is vir min mense nog heilig. Sondag het vir baie mense net nog 'n dag geword waarop hulle net kan leef soos op elke ander dag. Die kerk word verneder en verkleineer, want in die moderne mens se oë is dit nie heilig nie.

As ons hierdie dinge sê, wil ons nie weer terugkeer na die manier waarop Israel gelewe het nie. Ons lewe immers na Christus en in Hom is baie dinge wat Israel moes doen vir ons vervul. En iets wat heilig is, is nie iets waaraan jy nie mag raak, soos wat dit by Israel was nie. Heilig beteken vir ons nou dat iets of iemand aan die Here toegewy is, omdat Hy dit vir Homself opgeëis het. Die kerk is die gemeenskap van heilige mense omdat die Heilige Gees hulle heilig maak. Die Here het ons immers as sy kinders opgeëis, daarom moet ons optrede en woorde ook bewys dat ons aan die Here behoort, dat ons aan Hom toegewy is.

Aangesien ons aan die Here behoort en deur sy Gees geheilig word, word alles waarin ons betrokke is – ons verhoudings, die bestuur van ons tyd en geld – ook deur Christus geheilig. Die Here lê immers beslag op ons hele lewe omdat Hy ons sy kinders gemaak het. Wanneer ek dus weens my druk program van elke dag stadigaan en glad nie doelbewus nie al minder tyd in gebed deurbring, minder tyd het om stil te raak en die Here se stem uit sy Woord aan te hoor, word ek troueloos in my verhouding met die Here. Wanneer ek te midde van die finansiële druk onopsetlik my maandelikse dankoffer aan die Here inkort, dit nie met die Here in gebed opneem nie en dink Hy moet maar verstaan dat dit nou moeilik gaan, is ek troueloos teenoor die Here. Wanneer ek in my verhouding met my vrou of die vrou met haar man, of kinders met hulle ouers en andersom onbetroubaar raak teenoor mekaar, oneerlik is met mekaar, het ons troueloos geword teenoor die Here en teenoor ons naaste. Die vertrouwe het skade gekry, want dit wat Christus geheilig het, het ek met minagting hanteer asof dit sommer niks is nie. Deur hierdie trouelose optrede is ons by die Here en by ons naaste in die skuld. Hierdie skuld moet vereffen word en daar moet 'n volledige herstel kom.

Geliefdes, in die oë van die Here is sonde en trouelose optrede nie net iets wat ons besmet en onaanvaarbaar maak om in die teenwoordigheid van die Here te kom nie. In sy oë is sonde ook skuld wat ons by Hom het en by ons naaste het wanneer ons die vertrouwe skade aangedoen het. In sy verbondsverhouding met ons is die Here ons God en deur Christus ons Vader. As kinders van God is ons dus respek, eerbied en liefde aan Hom verskuldig, want Hy tree in liefde teenoor ons op. Indien ek die Here se liefde nie met liefde beantwoord nie, is ek in die skuld by die Here. As ek oneerlik teenoor my naaste optree, is ek by hom of haar en by die Here in die skuld. Hoe kan ek as Christen hierdie skuld betaal? Hoe sal ek daardie 20% ekstra aan die Here kan teruggee sodat daar volledige herstel in my verhouding met Hom kan kom? Hoe sal ek die skuld wat ek by my vrou of kinders of ouers het, kan vereffen en nog die 20% ekstra gee omdat hulle vertrouwe in my verloor het?

Ek kan nie hierdie skuld ten volle betaal nie. Trouens, geen mens is in staat om die skuld ten volle te betaal nie. Maar die Here los ons nie in die skuld nie. Hy bewys oneindige groot genade aan sy skuldenaars. In plaas daarvan dat ek en jy ons skuld by die Here betaal omdat ons Hom en ons naaste nie liefhet soos ons moet nie, kom betaal die Here self die skuld. God maak sy enigste Seun die skuldoffer wat ons skuld geheel en al tot op die laaste sent kom betaal. Hy slaan ons skuldbrief aan die kruis vas. Ons word van ons skuld teenoor die Here ten volle verlos.

Tog moet ons hierdie wonderlike genade van die Here nie as 'n onpersoonlike handelstransaksie sien nie. Die skuld van my sonde word nie met die hoeveelheid bloed wat Christus gestort het op die skaal gebalanseer nie. Die skuld van sonde staan nie op onpersoonlike balansstate geskryf nie, maar word gevind in 'n gebreekte verhouding met die lewende God en in 'n gebreekte verhouding met my naaste. So 'n gebreekte verhouding kan nie met geld reggekoop word nie. Net die allerverskriklikste lyding en dood van Christus – jou en my Verlosser – kan hierdie skuld wegneem sodat daar nie net nie meer vyandskap tussen ons en God is nie, maar sodat ons soos eie kinders van God weer ons hemelse Vader in geloof kan omhels en verseker weet Hy het ons vergewe en van ons skuld vergeet. Dit is net hierdie prys wat Christus betaal het wat kan veroorsaak dat mense mekaar ook so kan vergewe. Dit is net as gevolg van Christus se offer dat die Heilige Gees daardie seer en ongemak in 'n herstelde verhouding tussen mense totaal kan wegneem en weer kan vorm en bou tot 'n verhouding vol vertrouwe en openlikheid. Dat dit kan gebeur, moet ons as gelowiges die skuld wat Christus betaal het in die geloof ten volle as betaling vir ons aanvaar wanneer ons ons sonde bely.

Broers, susters en kinders, dit lyk tog of Jesus die skuldoffer in gedagte gehad het toe Hy hierdie woorde in Matteus 5 vir sy dissipels gesê het:

As jy jou offer na die altaar bring en dit val jou daar by dat jou broer iets teen jou het, moet jy jou offer eers laat staan en vrede gaan maak. Dan kan jy jou offer bring.

Hierdie woorde van Jesus en die onderrig wat die Gees ons oor die skuldoffer gee, laat 'n mens wonder. Soms voel 'n mens 'n gemis aan die heerlike teenwoordigheid van die Here in 'n erediens, nie omdat die erediens swak is, of omdat die preek swak is, of omdat die liedere swak gekies is nie, maar omdat ons wat in die erediens is, dink ons kan die teenwoordigheid van die Here aftrek na ons toe met ons baie gesing en gebed terwyl ons eintlik eers moes gaan vrede maak het met ons naaste, eers die mens in my gesin moes om verskoning gaan vra het, eers gaan regmaak het waar ek iemand bedrieg het. Die oneerlikheid en bedrog wat ons teenoor ons naaste pleeg, is net so erg as ons oneerlikheid en bedrog teenoor die Here wanneer ons skaars tyd het om Hom persoonlik aan te roep in gebed of onopsetlik my finansies swak bestuur sodat Hy maar net 'n skrapse offer uit my daaglikse werk kry. Indien ons die herstel in ons verhoudings met mense begin doen, sal dit nie gebeur dat die Here ons so ryklik seën dat dit meer is as wat ons kan gebruik nie?

Geliefdes, die Here roep ons om Hom te toets. Kom ons waag dit om die Here te gehoorsaam. Kom ons aanvaar nie net die betaling vir ons skuld nie, maar kom ons gaan gee ook daardie ekstra 20% waarvan die Here praat. Hoe kan ek daardie 20% ekstra gee? Wanneer ek werklik in Christus se voetspore volg en gaan vrede maak wanneer ek deur iemand anders verontreg is en nie wag tot hy kom vrede maak nie. Daardie herstelde verhouding wat die Here sal gee, en die vertrouwe wat tussen jou en die ander een terugkom, sal jou 20% ekstra wees wat die Here vir jou teruggee.

Die skuldoffer spreek weereens van die oneindige groot genade van die Here waarmee Hy ons skuld by Hom geheel en al wegneem. Maar dit is beslis nie goedkoop genade nie. Dit is genade wat uit God se hart na ons toe vloei – rooi van die kruis van Christus af. Hierdie genade vloei in ons lewens in, ons wat weet hoe genadig en barmhartig die Here is. Daarom gaan ons daarna streef en dit ook van die Heilige Gees vra dat Hy ons lewens verander omdat ons deur die Here begenadig is.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 2-4:1, 3 (33:1, 3)

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.
- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde is ongeregtigheid!
Maar ons lewe uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!"

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey

Gereformeerde Kerk Bellville

13 November 2011 Voorbereiding